

# Universiteit Stellenbosch

## Verslag oor personeeltaalvaardigheid

### Inhoudsopgawe

|  |    |
|--|----|
| Opsomming.....   | 2  |
| 1. Inleiding.....  | 3  |
| 2. Huistaal/-tale .....  | 3  |
| 3. Voorgraadse onderrig.....   | 4  |
| 3.1 Taalvaardigheid: Aanbieding van voorgraadse modules/programme .....  | 6  |
| 3.2 Taalvaardigheid: Opstel van voorgraadse studiemateriaal .....        | 6  |
| 3.3 Taalvaardigheid: Opstel en nasien van voorgraadse assesserings ..... | 7  |
| 4. Nagraadse studieleiding .....   | 7  |
| 4.1 Taalvaardigheid: Nagraadse studieleiding .....                       | 8  |
| 5. Algemene taalvaardigheid .....  | 9  |
| 5.1 Praat .....  | 9  |
| 5.2 Lees .....   | 10 |
| 5.3 Skryf.....   | 10 |
| 5.4 Internasionale tale.....   | 11 |

### Lys figure

|  |    |
|--|----|
| Figuur 1 Terugvoerreaksie per fakulteit (%).....   | 3  |
| Figuur 2 Huistaal van personeellede (n = 1 190).....   | 4  |
| Figuur 3 Tale waarin personeel gemaklik voel om voorgraadse modules/programme aan te bied (%) (n = 558)..... | 6  |
| Figuur 4 Tale waarin personeel gemaklik voel om voorgraadse leer materiaal op te stel (%) (n = 558).....     | 7  |
| Figuur 5 Tale waarin personeel gemaklik voel om voorgraadse assesserings op te stel (%) (n = 558) .....      | 7  |
| Figuur 6 NKR-vlak van studieleiding waarvoor respondente verantwoordelik is (n = 467).....                   | 8  |
| Figuur 7 Taalvaardigheid om nagraadse studieleiding te bied (n = 467).....                                   | 9  |
| Figuur 8 Algemene taalvaardigheid van personeel (praat) (n = 1 163).....                                     | 10 |
| Figuur 9 Algemene taalvaardigheid van personeel (lees) (n = 1 163).....                                      | 10 |
| Figuur 10 Algemene taalvaardigheid van personeel (skryf) (n = 1 163) .....                                   | 11 |

## Opsomming

Hierdie verslag bevat statistieke oor die taalvaardigheid van personeellede van die Universiteit Stellenbosch (US). 'n Aanlyn opname is gebruik om die data vir hierdie verslag in te samel. Altesaam 4 543 personeellede is genader om die opname te voltooi, en 'n terugvoerreaksie van 1 261, of 27,8%, is ontvang.

### Huistaal

'n Vraag in die opname het personeellede gevra om aan te dui watter taal/tale hulle as hulle huistaal beskou. Hulle kon meer as een taal merk. Dít word in afdeling 2 bespreek. Uit die terugvoer blyk dat die meeste personeellede wat hierdie vraag beantwoord het met Afrikaans as huistaal identifiseer (63,4%), en 43% met Engels.

Met uitsondering van Venda, is alle amptelike Suid-Afrikaanse tale as huistale aangedui.

Byna ewe veel personeellede het Xhosa (3,4%) en ander internasionale tale (3,8%) as huistaal gemerk.

### Voorgraadse onderrig en leer

Afdeling 3 handel oor die akademiese taalvaardigheid van dosente in voorgraadse programme. Respondente wat aangedui het dat hulle voorgraadse programme/modules aanbied, is versoek om bykomende vrae oor hulle taalvaardigheid in (1) die aanbieding van, (2) die opstel van studiemateriaal vir, en (3) die opstel en nasien van assesserings in voorgraadse programme/modules te beantwoord.

Die belangrikste data uit die terugvoer dui daarop dat, wat taalvaardigheid betref, dosente gemakliker voel om assesserings op te stel en na te sien as om klas te gee of studiemateriaal op te stel. Terwyl slegs 58,4% van die respondente byvoorbeeld aangedui het dat hulle gemaklik voel om in Afrikaans voorgraadse klasse aan te bied, het 62% gesê hulle voel gemaklik om in Afrikaans voorgraadse assesserings op te stel en na te sien. Dít kan moontlik aan departemente/fakulteite se gehalteversekeringsprosesse toegeskryf word. Die assesseringstake, veral summatiewe assesserings soos eksamens, word gemodereer, wat proeflees insluit.

### Nagraadse studieleiding

Nagraadse studieleiding word in afdeling 4 bespreek. Soos in die voorgraadse afdeling, is respondente versoek om bykomende vrae te beantwoord indien hulle aangedui het dat hulle vir nagraadse studieleiding verantwoordelik is. Die meerderheid nagraadse studieleiers het gesê hulle voel gemaklik om nagraadse studieleiding in Engels te voorsien, en sowat die helfte van die respondente het aangedui dat hulle nagraadse studieleiding in Afrikaans óf in sowel Engels as Afrikaans kan bied. Daar is nog nie 'n sterk vermoë om nagraadse steun in Xhosa te bied nie.

### Algemene taalvaardigheid


Die opname is ook gebruik om terugvoer oor personeellede se algemene praat-, lees- en skryfvaardigheid in die amptelike Suid-Afrikaanse tale te bekom. Dít word in afdeling 5 bespreek. Aangesien hierdie komponent op administratiewe/nie-akademiese studentesteun sowel as algemene amptelike kommunikasie betrekking het, was die doel om te bepaal of daar op kampus algemene taalvaardigheid in minstens Afrikaans, Engels en Xhosa bestaan, omdat dít 'n invloed op besluite oor kommunikasie en die administratiewe gebruik van taal kan hê.

Personeellede is boonop versoek om aan te dui in watter internasionale taal/tale hulle vaardig is. Dít was die enigste vraag wat nie verpligtend was of as 'n opvolgvraag op 'n vorige een vereis is nie. Uiteenlopende antwoorde is ontvang, wat wissel van vlot tot beperk.

## 1. Inleiding

Hierdie verslag bevat statistieke oor die taalvaardigheid van personeellede van die US. Die data vir die verslag is ingesamel deur 'n aanlyn opname wat in Desember 2020 onder alle akademiese en professionele administratiewe steundienste- (PASD-)personeel versprei is. Institusionele toestemming is vir die opname bekom. Die Kantoor vir Institusionele Toestemming in die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur het kontakbesonderhede aangevra en ontvang, en die proses was verpligtend dog geheel en al anoniem. Die volledige opname verskyn in bylaag A.

Altesaam 4 543 personeellede is genader om die opname te voltooi, en 'n terugvoerreaksie van 1 261, of 27,8%, is ontvang. Die terugvoerreaksie per akademiese fakulteit word in figuur 1 hieronder aangetoon.




*Figuur 1 Terugvoerreaksie per fakulteit (%)*

## 2. Huistaal/-tale

Personeellede is gevra om alle tale te merk wat hulle as hulle huistaal beskou. Aangesien sommige huishoudings tweetalig is, kon personeellede meer as een taal as huistaal aandui. Altesaam 1 190 personeellede het hierdie komponent van die opname voltooi.

Figuur 2 bied 'n opsomming van die getal personeellede (as 'n persentasie van antwoorde ontvang) wat die onderskeie amptelike Suid-Afrikaanse tale as hulle huistaal beskou. Op grond van hierdie syfers is dit duidelik dat die meeste personeellede wat die vraag beantwoord het met Afrikaans as een van hulle huistale identifiseer (63,4%), en 43% met Engels.



*Figuur 2 Huistaal van personeellede (n = 1 190)*

Byna ewe veel personeellede beskou Xhosa en ander internasionale tale as hulle huistaal. Hierdie ander internasionale tale was soos volg:

- Nederlands
- Vlaams
- Frans
- Duits
- Hindi
- Italiaans
- Portugees
- Roemeens
- Shona
- Tamil
- Joroeba

Hierdie data strook met die Wes-Kaapse statistieke oor die algemeenste huistale in die provinsie, naamlik Afrikaans, Engels en Xhosa. Verskillende dialekte van hierdie tale is nie in ag geneem nie.

### **3. Voorgraadse onderrig**

Die huidige Taalbeleid, wat op 1 Januarie 2017 in werking getree het, berus op die volgende twee normatiewe grondbeginsels:

- a. Taal aan die US behoort toegang tot en sukses in akademiese, administratiewe, professionele en sosiale kontekste te bevorder, en behoort nie 'n hindernis vir studente of personeellede te wees nie (2016: 3).
- b. Alle aspekte van die Taalbeleid en die implementering daarvan in onderrig en leer behoort pedagogies verantwoordbare onderrig en leer te fasiliteer (2016: 4).

Daarbenewens respekteer die Taalbeleid studente en personeelle se gebruik van, en vaardigheid in, taal en die komplekse rol van taal in ons samelewing.

As sodanig maak die beleid tans daarvoor voorsiening dat voorgraadse modules op enige van die volgende maniere aangebied word:

- 7.1.3: Aparte lesings in Afrikaans en Engels
- 7.1.4: Engels en Afrikaans in dieselfde klasgroep, wat ondersteun word deur gefasiliteerde leergeleenthede, waarvan 'n hele paar in die beleid gelys word
- 7.1.5: Aanbieding in slegs een taal waar die aard van die leerstof of die dosent se taalvaardigheid dit vereis

Dit is dus noodsaaklik dat ons oorweeg of dít 'n volhoubare taalaanbod is in die lig van die taalvaardigheid van akademië wat voorgraadse programme aanbied. 'n Hoërondewysinstelling kan slegs as 'n meertalige instelling beskou word indien die akademië onderrig-en-leergeleenthede (waaronder assesserings) in meer as een taal kan voorsien.

Altesaam 558 personeellede het aangedui dat hulle vir die aanbieding van voorgraadse modules en/of programme verantwoordelik is. Hulle is gevolglik versoek om drie vrae oor hulle taalvaardigheid in (1) die aanbieding van, (2) die opstel van leermateriaal vir, en (3) die opstel en nasien van assesserings in voorgraadse modules en/of programme te beantwoord.

Data gee die volgende weer:

- i. Alle antwoorde wat op 'n individu se taalvoorkeur dui. Indien respondent X byvoorbeeld vaardigheid in Afrikaans bevestig het, en respondent Y vaardigheid in sowel Afrikaans as Engels, word dit in die grafiek soos volg aangedui:
  - Afrikaans = 2
  - Engels = 1
  - Engels en Afrikaans = 1
- ii. 'n Afsonderlike aanduiding van meertaligheid

Sodoende word vaardigheid in elke afsonderlike taal aangedui, sowel as meertaligheid, waar van toepassing.

'n Kerndeel van sinchrone aktiwiteite in voorgraadse programme en modules is lesings en tutoriale. Vir 'n meertalige aanbod sou dít vereis dat dosente in voorgraadse programme gemaklik voel om die dissipline in ten minste een en – waar dit moontlik is – méér as een van die tale in die Taalbeleid aan te bied. Dosente se taalvaardigheid is van die uiterste belang om studente epistemiese toegang te bied omdat die voorgraadse program verskeie grondliggende kwessies in die dissipline behandel – drempelkonsepte, 'n inleiding tot noodsaaklike vaardighede sowel as akademiese geletterdheid. Hierdie konsepte<sup>1</sup> en vaardighede is belangrik om die vak/dissipline te bemeester. Indien die aanbieding van 'n module of program dus 'n struikelblok vir studente se begrip van hierdie konsepte of vaardighede word, kan baie studente dalk nooit toegang tot die vereiste konseptuele verskuiwings vir leer en ontwikkeling in die dissipline verkry nie. Die US se Onderrig- en Leerbeleid wys daarop dat die Taalbeleid “pedagogies verantwoordbare onderrig en leer” (2018: 4) moet fasiliteer, maar bepaal ook dat die US 'n *leergesentreerde benadering* tot onderrig en leer moet volg. So 'n benadering moet afgestem wees op die fasilitering van kennisbou, en moet in ag neem dat leer diep veranker is in verskillende kontekste. Taal

---

<sup>1</sup> Meyer, J.H.F. & Land, R. (2003). Threshold Concepts and Troublesome Knowledge: linkages to ways of thinking and practicing within the disciplines. In Rust, C. (red) Improving Student Learning – Ten Years On. Oxford: OCSLD. BI 1–16.

is een so 'n konteks én 'n kernelement van 'n student se kultuur, wat noodwendig die onderrig-en-leerkultuur by 'n instelling sal beïnvloed.


### 3.1 Taalvaardigheid: Aanbieding van voorgraadse modules/programme

Die volgende opvolgvraag is gestel aan personeellede wat aangedui het dat hulle voorgraadse modules/programme aanbied:

*Dui asseblief aan in watter tale u gemaklik voel om lesings/tutoriale/praktika aan te bied.*

Soos die statistieke in *figuur 3* toon, het die meerderheid dosente (58,4%) in voorgraadse programme aangedui dat hulle gemaklik voel om in Engels klas te gee. Die meerderheid personeel (56,6%) is boonop gemaklik om in sowel Engels as Afrikaans klas te gee. Die statistieke dui egter op twee behoeftes wat in die hersiening van die huidige Taalbeleid oorweeg behoort te word:

- i. 'n Beduidende getal dosente is nie gemaklik daarmee om in Afrikaans klas te gee nie.
- ii. Daar is nie genoeg vermoë om die voorgraadse aanbod in Xhosa oor die hele instelling uit te brei nie.




*Figuur 3* Tale waarin personeel gemaklik voel om voorgraadse modules/programme aan te bied (%) ( $n = 558$ )

### 3.2 Taalvaardigheid: Opstel van voorgraadse studiemateriaal

Om data oor dosente se vaardigheid in die opstel van voorgraadse studiemateriaal te bekom, is die volgende opvolgvraag ingesluit:

*Dui asseblief aan in watter tale u gemaklik voel om die nodige leermateriaal vir lesings/tutoriale/praktika op te stel.*

Wat dosente se vaardigheid in die opstel van studiemateriaal betref, is die data (*figuur 4*) soortgelyk aan die statistieke in *figuur 3*. Nietemin dui die data daarop dat meer dosente studiemateriaal in Xhosa kan opstel as wat in Xhosa kan klas gee.




Figuur 4 Tale waarin personeel gemaklik voel om voorgraadse leer materiaal op te stel (%) (n = 558)

### 3.3 Taalvaardigheid: Opstel en nasien van voorgraadse assesserings

Die laaste opvolgvraag met betrekking tot voorgraadse onderrig was oor assessering:

*Dui asseblief aan in watter tale u gemaklik voel om assesserings op te stel en na te sien.*


Die antwoorde dui daarop dat dosente gemakliker voel om assesserings in Afrikaans en/of Engels (wat dus ook albei tale insluit) op te stel en na te sien as om in meer as een taal klas te gee. Tog is daar 'n klein verskil tussen dosente wat gemaklik is om leer materiaal in Xhosa op te stel en dosente wat gemaklik voel om assesserings in Xhosa op te stel.



Figuur 5 Tale waarin personeel gemaklik voel om voorgraadse assesserings op te stel (%) (n = 558)

## 4. Nagraadse studieleiding

In hulle terugvoer het 467 respondente aangedui dat hulle nagraadse studieleiding voorsien. Volgens die data bied die respondente studieleiding op alle nagraadse vlakke, onder meer 'n klein groepie akademici wat op nadoktorale vlak studieleiding voorsien, soos *figuur 6* toon.



Figuur 6 NKR-vlak van studieleiding waarvoor respondente verantwoordelik is (n = 467)

#### 4.1 Taalvaardigheid: Nagraadse studieleiding


Die huidige Taalbeleid bepaal dat enige taal vir nagraadse onderrig en leer (NKR-vlak 8 en hoër) gebruik kan word, “met dien verstande dat al die betrokke studente vaardig genoeg in daardie taal is” (2018: 6). Dít sou egter ook vereis dat studieleiers vaardig genoeg is in die taal wat studente verkies. Studieleiers is gevra om aan te dui in watter taal/tale hulle gemaklik genoeg voel om voldoende terugvoer en studieleiding aan nagraadse studente te voorsien. Die data word in *figuur 7* hieronder aangedui.

Om te sorg dat alle studente gemaklik is, en om terugvoer van ’n groter aantal eksterne eksaminatore en medestudieleiers moontlik te maak, word nagraadse programme in die praktyk in Engels aangebied. Boonop het die meerderheid nagraadse studente wat tussen 2016 en 2020 ingeskryf het Engels as hulle huistaal aangedui.<sup>2</sup> Om meer navorsingsbronne tot hulle beskikking te hê, verkies studente voorts om hulle navorsingsprojekte/-tesisse in Engels te voltooi, wat hulle in staat stel om internasionale bronne te gebruik sonder dat enige betekenis in die vertaling van die bronne verlore gaan.

Volgens die data is die oorgrote meerderheid personeellede wat hierdie vraag beantwoord het gemaklik om nagraadse studieleiding in Engels te voorsien (98.1%), en is bykans die helfte van die personeel gemaklik met studieleiding in Afrikaans óf in sowel Afrikaans as Engels. Hoewel ons graag die getal navorsingsuitsette in Xhosa so ver moontlik wil verhoog, is daar duidelik ’n uiters beperkte groep personeellede wat die nodige studieleiding sal kan bied aan studente wat hulle leerbewyse in Xhosa wil voltooi.

<sup>2</sup> Raadpleeg gerus die data in die verslag *Universiteit Stellenbosch-studentetaalprofiel*, wat deur die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur saamgestel is.





Figuur 7 Taalvaardigheid om nagraadse studieleiding te bied (n = 467)

## 5. Algemene taalvaardigheid

Die hersiene Taalbeleid van die Raad op Hoër Onderwys (wat op 30 Oktober 2020 by wyse van Kennisgewing 1160 in Staatskoerant 43860 uitgevaardig is) bepaal dat institusionele taalbeleide en -planne “groter belang aan inheemse Afrikatale moet heg” vir ’n aantal doeleindes, waaronder vir kommunikasie en administratiewe gebruik (bl 15). Daarom is dit noodsaaklik om die algemene taalvaardigheid van personeellede by die US te bepaal.

Altesaam 1 163 personeellede het die vrae oor algemene taalvaardigheid beantwoord.

### 5.1 Praat


Die volgende vraag is by die opname ingesluit om inligting oor personeel se praatvaardigheid te bekom:

*Dui asseblief aan in watter van die volgende Suid-Afrikaanse tale u praatvaardig is.*

Soos *figuur 8* aandui, is die meerderheid US-personeellede praatvaardig in Engels (98,5%) en Afrikaans (85,6%). Dit dui daarop dat algemene mondelinge kommunikasie met personeellede en belanghebbendes in die meeste gevalle in een van of albei hierdie tale kan geskied.

Die huidige US Taalbeleid maak voorsiening vir die gebruik van Engels en Afrikaans, sowel as Xhosa en Suid-Afrikaanse Gebaretaal. Sowat 8,4% van personeellede is praatvaardig in Xhosa. Volgens die studenteterugvoerslag het 10,2% van alle voorgraadse studente in 2020 ’n ander amptelike Suid-Afrikaanse taal (buiten Afrikaans en Engels) as huistaal aangedui. Hoewel ’n mens kan aanneem dat nie ál hierdie studente Xhosa as huistaal het nie, het daardie verslag óók daarop gedui dat die meerderheid nuwelingeerstejaars in 2020 van die Wes-Kaap gekom het, waar – soos vroeër aangedui is – Afrikaans, Engels en Xhosa die algemeenste tale is. Personeellede se praatvaardigheid in hoofsaaklik hierdie drie tale strook met die taalverspreiding onder studente. Daarom kan bekwame mondelinge ondersteuning duidelik aan studente voorsien word wanneer dit nodig is.


Hoewel die persentasie personeellede wat vaardig is in Suid-Afrikaanse Gebaretaal tans onbeduidend lyk, werk die meeste van hierdie personeel by die Taalsentrum om spesifiek vertaaldienste aan studente en personeel met kommunikasievereistes in Suid-Afrikaanse Gebaretaal te bied.



Figuur 8 Algemene taalvaardigheid van personeel (praat) (n = 1 163)

## 5.2 Lees

Die data in *figuur 9* dui op 'n soortgelyke vaardigheidsvlak in lees as in praat. Aangesien Suid-Afrikaanse Gebaretaal die gesproke woord in gebare uitbeeld, is dié taal nie vir die lees- en skryfvaardigheidskomponente in ag geneem nie.




Figuur 9 Algemene taalvaardigheid van personeel (lees) (n = 1 163)

## 5.3 Skryf

Hoewel praat- en leesvaardigheidsvlakke volgens figuur 8 en 9 byna dieselfde is, het die syfers aansienlik verander toe respondente oor hulle skryfvaardigheid uitgevra is. Wat skryf betref, is vaardigheidsvlakke laer vir alle tale. Dit

is onduidelik of hierdie daling met algemene skryfvaardighede verband hou, en of personeel “skryfvaardighede” as “goeie skryfvaardighede” vertolk het.



Figuur 10 Algemene taalvaardigheid (skryf) (n = 1 163)

## 5.4 Internasionale tale

Die laaste vraag van die opname het oor personeellede se vaardigheid in enige internasionale tale gehandel:

*Noem asseblief enige internasionale tale waarin u vaardig is (praat, lees, skryf).*

Hierdie vraag was nie verpligtend nie. Altesaam 476 personeellede het dit beantwoord, van wie 288 aangedui het dat hulle vaardig is in ten minste een bykomende internasionale taal. 'n Verskeidenheid tale is gelys, en vaardigheid wissel van vlot tot beperk (slegs lees- of gespreksvaardig) tot beginnervlak. Die gewildste tale wat gelys is, was soos volg:

- Duits (47,9%)
- Nederlands (32,6%)
- Frans (21,5%)
- Spaans (5,9%)